

**Skrifgedeelte: Psalm 35:1-9**

**Fokusgedeelte: Psalm 35:1-9**

**Laat u koninkryk kom en ek sal jubel!**

In Psalm 35 bid Dawid tot die Advokaat van elke uitverkorene, vir Goddelike intrede teen die aanvegtinge van vyande. Psalm 35 voorsien troos vir elke gelowige, in die patroon van klagte, gebed en belofte. Ons weet DIE HERE ONS GERECHTIGHEID sal finaal regspraak oor die onreg teen God se kinders gedoen. Dawid vra vergelding op bose vyande, met die spies en skild van waarheid, en dat die Gees hom binne-in die stryd sal toerus tot geloofsekerheid, hy glo God sal spreek: “Ek is jou heil!” Dawid vertrou dat sy vyande, beskaam, deur God se Engel verslaan sal word (vs 6).

Hierdie sogenaamde “vloekpsalm” leer ons mág bid vir die vernietiging van onreg en vervolging deur die koninkryk van die hemele se teenstanders. Al die kwaad wat sonder oorsaak teen Dawid, as God se gesant, beplan en gepleeg word, sal die vervolgers self verstrik, omdat hulle in werklikheid teen God veg. Dawid bid nie in selfregverdiging nie. Hy bid dat God Homself as Almagtige sal vertoon, sodat die samesweerders se duistere weg, die glibberige kuil, die vangnet van boosheid, openbaar word soos nietige kaf voor die wind.

Die Heilige sal die vyande van sy waarheid verwoes en ons mág daarvoor bid. Die Engel van die HERE, Jesus Christus, is die Oorwinnaarkoning wat alle mag daartoe ontvang het, om die duiwel, die dood en die sonde te vernietig. Gelowiges mág uit hierdie belofte gelowiges in vertrouwe leef en soos Dawid jubel: “Maar my siel sal juig in die HERE, dit sal bly wees in sy heil” (vs 9) Jesus Christus, die gestuurde Messias van God, leer dat gefokusde gebed, in diens van sy koninkryk, verhoor sal word! “As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen” (Joh. 14:14).

*Sing: Psalm 35-1:1, 4  
Ds. LJ (Lou) Erasmus (Emeritus)*